

**Die  
EICKERS  
van  
Angora Hill**

*(Uitgawe van 23 Januarie 2014)*

**saamgestel deur  
Gina Eicker**

**(1947 – 1989)**

*[Redaksioneel versorg deur Jan H. Langenhoven]*

*Hierdie genealogie word elektronies gepubliseer  
ter nagedagtenis aan Gina Eicker, die opsteller.*

Regstellings en aanvullings moet gestuur word aan Marita Eicker-Jonck  
by die e-posadres: [marita.jonck@gmail.com](mailto:marita.jonck@gmail.com)  
Opdaterings van die inligting kan periodiek aangebring word.

### **Die betekenis van die naam Eicker**

Eicker is blykbaar 'n alternatiewe vorm van die Duitse naam Eicher. In Duits kom die woord Eich(e) uit Middelhoogduits en beteken Eik (Akkerboom). Eicher is dus 'n naam vir iemand wat by 'n eik woon of verwoys na iemand wat van 'n plek genaamd Eiche of Eichen afkomstig mag wees. Eicher is ook 'n beroepsnaam vir iemand wat mates en gewigte nasien teen amptelike spesifikasies. Ook in Afrikaans word gewigte "geyk".<sup>1</sup>

### **Gina herontdek die familie in Duitsland**

Gina skryf 'n brief (gedateer 12 Junie 1974) aan al die Eickers in Suid-Afrika:

Liewe Ooms, Tannies, Neefs en Niggies,

Na baie jare het ons toe uiteindelik ons familie in Duitsland opgespoor. In die dorpie Halver, distrik Westfale ongeveer 150 kilometer van Köln in die noordweste van Duitsland. Dit is waar ons voorvaders gebly het en waar die familie nog woon.

Tydens my besoek aan Berlyn het ek maar weereens die telefoongids deursoek om toe vir die eerste keer hier Eickers te ontdek. Twee van hulle. 'n Mej. Elvina Eicker, wie se ouers in Remsted naby Wüppertal woon. Sy weet egter niks van enige familiegeskiedenis wat Suid-Afrika betrek nie. Sy was in elk geval nie baie behulpsaam of vriendelik nie – dus geen familie!

Mnr. Klaus Eicker, sy ouers kom van Gevelsberg naby Halver af. Sy pa en oupa is albei Julius en 'n tante Anne (oujongnooi). By hulle het ek toe die aand geëet en dit wil toe lyk asof ons beslis nie familie is nie. Kry in elk geval die adresse van sy familie wat my moontlik kan help.

Die volgende dag is ek toe per vliegtuig terug Hannover toe en vandaar per trein na Gevelsberg. Soek toe die tante Anna op en sy bevestig dat ons beslis nie familie is nie. Sy bring my toe op die Eickers in Halver se spoor. Haar broer Julius was ongelukkig nie tuis nie.

In die telefoongids is daar toe nie minder as 8 Eickers in Halver nie. Probeer heel eerste mnr. Frederich Eicker. Hy sê toe nee, beslis nie familie nie, maar daar is 'n mnr. Carl Eicker wat geen familie van hom is nie.

Bel toe mnr. Carl Eicker. Ja, sê hy, sy oupa se broer is Afrika toe en hy praat ook iets van Angora Hill! Wel mense, ek het sommer begin huil van pure opgewondenheid en blydschap dat ons uiteindelik meer van ons voorsate gaan hoor.

Dié gesprek vind alles in Duits plaas en dit sukkel maar. Ons besluit toe dat ek die aand per bus vir hulle sal gaan besoek.

Dan kom hier 'n stukkie nuus wat soos 'n sprokiesverhaal gaan klink. Dit is ongelooflik hoe vriendelik die mense is.

In die hotel waar ek tuis is, vind ek toe uit dat daar saans geen busse Halver toe is nie. Ek is toe taamlik desperaat want ek moet voor die volgende nag uit Europa wees want dan verval my kaartjie. Een van die vriendelike jongmanne daar sê toe nee, hy sal sy baas bel en dié sal my Halver toe neem. Mnr. Ewald Lansberg daag toe op. Hy is blykbaar 'n taamlieke ryk man met nywerheidsbesighede. Hy is van plan om na Suid-Afrika te emigreer en gaan oor vier weke soontoe met vakansie, met die oog op besigheid.

Neef Otto, en hier word julle toe betrek! Die mense kan slegs Duits praat en wil vreeslik graag meer weet van plase, skole, ens. in veral Natal en Suidwes waar daar baie Duitsers is. Sal julle nie asseblief so gaaf wees om aan hulle te skryf nie.

Mnr. Ewald Lansberg  
Kölnerstrasse 38  
582 Gevelsberg  
Wes-Duitsland.

Ek moet net weer noem hoe gasvry hierdie mense is. Mnr. Klaus Lansberg, sy vrou en die jong Duitsertjie neem my toe Halver toe, 30 kilometer van Gevelsberg af. Ja, julle lees reg! Wildvreemde mense doen al die moeite net omdat ek 'n Suid-Afrikaner is wat probeer Duits praat

<sup>1</sup> <http://genealogy.familyeducation.com/surname-origin/eich> en <http://genealogy.familyeducation.com/surname-origin/eicher>

en hulle so baie van ons land hou. Ek kan nie beskryf hoe 'n fantastiese trotse gevoel dit is om te kan sê: "Ek is 'n Suid-Afrikaner!"

Hulle ken nie die Eickers nie en na ons so 'n bietjie verdwaal het, kom ons toe by mnr. Carl Eicker uit. Kuier van 8 nm tot 10 nm. Gesels, lag, vertel van die familie, drink bier en my hart was skoon seer om weg te gaan. Die Lansbergs neem my toe weer laatnag hotel toe.


Ek moet net weer noem, hulle praat slegs Duits. As daar dus iemand is wat gaan skryf, moet dit in Duits wees. Die oom Carl sal dit vreeslik waardeer as hy van sy neefs kan hoor.

Mnr. Carl Eicker  
Altemühlestr 5  
5884 Halver  
Wes-Duitsland

Die foto's wat ek saamstuur, sal ek maar by die naamgenote op Dannhauser laat begin. Laat dit maar tussen almal sirkuleer en met enige beskikbare ou familiefoto's moet dit asb. weer teruggestuur word na bogenoemde adres.

Die oom Carl bly op 'n plot buite die dorp en dit is die erfplaas wat al baie geslagte in die familie is en waar ons oupa gebore is en groot geword het.

Nou sal ek die familie probeer verduidelik:



### **SLEUTEL TOT AFKORTINGS**

|   |   |           |      |   |            |      |   |          |
|---|---|-----------|------|---|------------|------|---|----------|
| * | = | gebore    | ~    | = | gedoop     | †    | = | oorlede  |
| x | = | trou      | xx   | = | hertrou    | Ω    | = | begrawe  |
| ÷ | = | geskei    | d.v. | = | dogter van | s.v. | = | seun van |
| Δ | = | aangeneem |      |   |            |      |   |          |

## Genealogie

### Die Suid-Afrikaanse stamouers

Albert **EICKER** \* Halver, Wesfale, Duitsland 13.11.1853 † Angora Hill, Dannhauser 9.9.1928 x Ladysmith 25.2.1890<sup>2</sup> met Gezina Johanna **VAN DER LINDE** (*Gezina*) \* Adelaide, Oos-Kaap 8.5.1868 † Lindes Farm, Glencoe (aan huis van haar seun Robert) 10.11.1948. Beide stamouers is begrawe in die familiekerkhof op Angora Hill. Albert was die seun van Carl Albert Eicker en Carolina Tannhauser. Gezina was die dogter van Jan Hendrik van der Linde ~ 1837 † 26.10.1878 en Johanna Christina van Deventer.<sup>3</sup>

'n Reisdokument (*Entlassungs-Urkunde*: Ontslagdokument) gedateer 17 Januarie 1883, met 'n stempel van die Koninklike Pruisiese Regering (*Königlich Preussische Regierung*) is in die naam van Albert Eicker uitgereik. Daarin staan dat hy te Altemühle gebore is en dat hy 29<sup>3/13</sup> jaar (moontlik 29 jaar, 2 maande en 13 dae) oud is. Sy bestemming word aangedui as Amerika.<sup>4</sup>

Albert en sy broer Carl het dus in 1883 na Suid-Afrika gekom. Hulle is blykbaar deur hul vader gestuur om 'n familielid hierheen te vergesel wat aan 'n borskwaal gely het. 'n Dokter het aanbeveel dat hy na die gesonde klimaat van Afrika moes gaan om te herstel. Die bedoeling was waarskynlik dat die broers Carl en Albert weer na Duitsland moes terugkeer. Albert het egter sin gekry in die pragtige Suiderland en besluit om dit sy nuwe vaderland te maak. Hy skryf nog aan sy agtergeblewe familie in Duitsland van die plaas Angora Hill wat hy gekoop het. Sy broer Carl wat hom hierheen vergesel het, het nie hier gebly nie, maar weer per skip vertrek. Presies wat sy bestemming was, is nie bekend nie. Sy familie in Duitsland het nooit weer van hom gehoor nie. Hy is vermoedelik na Amerika wat hulle oorspronklike bestemming was.

In Halver woon die oorspronklike Eickerfamilie nog steeds. 'n Broer van Albert en Carl met die naam Frederich het daar agtergebly. Hy is op sestigjarige leeftyd aan lewersirroose oorlede. Hy het drie kinders gehad: Emma (oorlede in 1950), Hildegard (woon om en by 1990 steeds in Halver) en Carl. Hierdie Carl het ook vier kinders gehad, genaamd Carl Friedrich ('n landmeter, wat in Halver gewoon het met twee kinders, Ursula en en Eberhard), Frederich (oorlede op sesjarige ouderdom), Gunther (om en by 1990 steeds in Halver woonagtig, geen kinders), Helmut (oorlede in 1969, drie kinders: Carola, Ulricke en Albert wat op 21 oorlede is).

### Albert vir hoogverraad aangekla

Volgens 'n lasbrief gedateer 22 Mei 1901 moes Albert Eicker op 31 Mei 1901 in die landdroshof op Newcastle verskyn op aanklag van hoogverraad. Die hoogverraad-oortreding word soos volg omskryf: *(1) In that, in or about the month of November 1899 and in the County of Klip River, Colony of Natal, he did join and adhere to the enemy and did take up arms in their behalf, and did otherwise aid and assist the enemy at the said time and place. (2) In that, in or about the month of December, aforesaid, and January following, and in the County of Klip River, aforesaid, being then armed with fire-arms, and having joined the enemy, he did accompany and assist them in operations, there being carried on in the course and furtherance of the war.* Die lasbrief is geëndosseer met die woorde "1 year + 14 days in custody".<sup>5</sup>

Hieruit kan afgelei word dat Albert 'n Natalse rebel was wat nie net die Boere tydens die Vryheidsoorlog goedgesind was nie, maar inderdaad aktiewe gewapende hulp verleen het, en dat hy daarvoor meer as 'n jaar in die gevangenis moes deurbring.

<sup>2</sup> In Cilliers, B., 1985, bl. 172 blyk in teenstelling met die foto van die "Geslachts-Register" (elders afgedruk) dat hulle in Ladysmith en nie in Dundee getroud is nie.

<sup>3</sup> Van der Linde, Antonina, 1975, bl. 14.

<sup>4</sup> Reisdokument van Albert Eicker gedateer 17.1.1883.

<sup>5</sup> Lasbrief van die Magistraat van Newcastle gedateer 22.5.1901, uitgereik aan Albert Eicker.



Die Duitse ouers van die Suid-Afrikaanse Eicker-stamvader: Carl Albert Eicker en Carolina Tannhauser. Hulle het in Halver, Wesfale in Duitsland gewoon.



Die Suid-Afrikaanse stamouers: Albert Eicker en Gezina van der Linde



Geslagsregister van die Suid-Afrikaanse geslag Eickers. Dit het altyd in Albert en Gezina se huis op Angora Hill gehang.



Tien kinders van Albert en Gezina saam met hulle eggenote(s).



Tien kinders van Albert en Gezina saam met hulle tante Annie Laas (hul moeder se suster).  
Voor: Hanneltjie Nel, Carolina Havemann, tante Annie Laas, Cornelius (Boetie) en Robert.  
Agter: Gezina Swart, Frikkie, Kobus, Ben, Albert en Carl.



**Die Nageslag**

Albert en Gezina het elf kinders gehad, b1 tot b11 hieronder. Hulle het verseker dat die Eickerfamilie hulle plek in Suid-Afrika kon volstaan.

- b1 Jan Cornelius Jakobus **EICKER**<sup>6</sup> (*Boetie*) \* Helpmekaar, Dundee 3.4.1887 ~ Ladysmith 21.10.1887 † Dundee 30.6.1974 Ω Dundee x Newcastle 29.4.1907 Elizabeth Catharina **LABUSCHAGNE** (*Sussie*) \* Greytown 21.2.1887 † Dundee 5.6.1969, d.v. Pieter Jakobus Labuschagne en Johanna Catherina Landsberg.
- c1 Albert **EICKER** \* Angora Hill, Dannhauser 28.2.1908 ~ Newcastle 19.4.1908 † Kemptonpark 8.3.1977 x Dundee 26.9.1933 Aletta Maria **SCHEEPERS** (*Marie*) \* Utrecht 30.9.\_\_\_\_ dogter van Gerhardus Frederick Scheepers en ene Groenewald. Marie xx 6.3.1981 Raulf Rock.
- d1 Adriana Johanna **EICKER** (*Attie*) \* Glencoe 21.12.1934 x Dundee 2.6.1956 Jacobus Pieter **BLOM** (*Koos*) \* Middelburg K.P. 16.11.1923 † Utrecht 9.8.1966 (4 kinders) xx Dundee 14.12.1967 Daniel Nicolaas Hermanus **COETZEE** (*Danie*) \* Aurora 16.2.1936 (2 kinders) seun van Teunis Erasmus Coetzee en Martha Hendrika Jacoba van der Westhuizen. Koos was 'n elektriesiën en Danie is 'n taksiedraadmonteerder.
- e1 Marie Johanna **BLOM** \* Dundee 22.4.1957 † Dundee 23.4.1957.
- e2 Pieter Albert **BLOM** \* Dundee 22.4.1958 x Klerksdorp \_\_.5.1981 Estelle  
\_\_\_\_\_\*\_\_\_\_\_  
f1 Albert **BLOM** \* 7.10.\_\_\_\_  
f2 Jolandi **BLOM** \* 4.1.\_\_\_\_
- e3 Jacobus Louw **BLOM** (*Kobie*) \* Dundee 5.8.1959.
- e4 Marie-Antoinette **BLOM** (*Anette*) \* Dundee 18.12.1963.
- e5 Martie **COETZEE** \* Dundee 26.11.1968 x William Olden Powrie **GREEN**.
- e6 Nico **COETZEE** \* Paarl 22.4.1970 † Kaapstad 2.5.1970.
- d2 Elizabeth Catharina **EICKER** (*Rina*) \* Rooidraai, Dundee 12.9.1936 ~ Dundee 4.10.1936 x Dundee 8.1.1955 Cornelius Frederick **DE KLERK** (*Neels*) \* Vryheid 25.10.1931 ~ Vryheid 31.1.1932 seun van Schalk Willem de Klerk en Hester Maria de Klerk. Neels was 'n bemarkingsbestuurder.
- e1 Schalk Willem **DE KLERK** (*Schalk*) \* Brits 30.3.1956 x Kemptonpark 4.6.1977 Berdine **STEMMETT** \* Otjiwarongo, Suidwes-Afrika 15.4.1958 d.v. Ben Stemmet en Anna Magrietha van der Walt. Schalk is 'n rekenaarkundige en Berdine 'n huisvrou.
- f1 Marc **DE KLERK** \* Kemptonpark 30.3.1981.
- f2 Amedi **DE KLERK** \* Kemptonpark 13.4.1984.
- f3 Corine **DE KLERK** \* Kemptonpark 13.11.1985.
- e2 Albert Eicker **DE KLERK** (*Eicker*) \* Bloemfontein 22.3.1959 x Nelspruit 8.12.1981 Susan Jasina **BURGER** (*Susan*) \* Nelspruit 1.6.1960 d.v. Dick Burger en Susan Jasina Brink. Eicker is 'n drankwinkelbestuurder en Susan werk by 'n bouvereniging.
- f1 Evette **DE KLERK** \* Middelburg Tvl. 12.4.1984.
- f2 Albert Eicker **DE KLERK** \* Middelburg Tvl. 12.12.1988.
- d3 Aletta Maria **EICKER** (*Lettie*) \* Dundee 8.10.1938 ~ Tydens die eeufees te Bloedrivier 16.12.1938 x Dundee 10.5.1958 Johan Hendrik Zietsman **HENNING** (*Johan*) \* Heilbron 24.11.1932 ~ Heilbron 2.1.1933 seun van Petrus Johannes en Colenco Helena Henning Johan was 'n boer in die Dundeedistrik.
- e1 Eicker **HENNING** \* Dundee 25.3.1959 x Dundee 24.3.1984 Hetta Christa **ELS** (*Hetta*) \* Graaff-Reinet 9.5.1964 d.v. Phillipus Els en Gideon Vorster.
- f1 Leonie **HENNING** \* Dundee 2.9.1985.
- e2 Johan **HENNING** \* Dundee 7.9.1962.

<sup>6</sup> Cilliers, B., 1985, bl. 172 skryf dat hierdie seun se biologiese vader Willem Nel ("W.-zoon") (bl. 409) was alhoewel die baba onder die naam Eicker opgegroei het (bl. 172).

- e3 Pieter van Heerden **HENNING** \* Dundee 26.9.1964.  
e4 Aletta Maria **HENNING** \* Dundee 18.2.1968.
- d4 Alvera Eugene **EICKER** (*Vera*) \* Dundee 10.5.1940 x Dundee 5.5.1962 Aubrey **TOERIEN** \* Kaapstad 25.10.1937 s.v. Oscar Nico Toerien en Eleonora Hülde \_\_\_\_\_. Aubrey is in siviele ingenieur.  
e1 Renata **TOERIEN** \* Ladysmith 17.2.1963.  
e2 Sonja **TOERIEN** \* Bellville 28.11.1967 x André **SMIT**.  
e3 Ilse **TOERIEN** \* Bellville 25.11.1970.
- d5 Cornelius Frederick **EICKER** (*Corrie*) \* Dundee 27.12.1943 † 18.7.1998  
Ω Dundee x Jacoba Franciena **VERMAAK** (*Francis*) \* 28.8.1949 (÷)  
xx \_\_\_\_\_ \* \_\_\_\_\_  
e1 Anton **EICKER** \* 6.6.1969
- d6 Isabella Margaretha **EICKER** (*Issie*) \* Dundee 23.4.1945 ~ Ladysmith x Dundee 4.9.1964 Johan Louis **FOURIE** (*Louis*) \* Odendaalsrus 9.3.1936 (÷ 1973) s.v. Stephanus Fourie (*Biel*) en Johanna Kleynhans, xx 13.5.1983 Joseph Johannes Dawid **BOTHA** (*Jo*).  
e1 Stephanus Johan **FOURIE** (*Johan*) \* Bloemfontein 12.10.1967.  
e2 Johan Louis **FOURIE** (*Louis*) \* Bloemfontein 1.3.1972.
- d7 Frederick Corneleus **EICKER** (*Frikkie*) \* Dundee 3.5.1946 † Durban 17.6.1970.
- c2 Pieter Jacobus **EICKER** (*Piet*) \* Dannhauser 2.11.1913 ~ Newcastle 22.12.1913 † Pretoria 10.5.1978 x Verulam 9.2.1938 Elsie Elizabeth **CRONJÉ** (*Elsie*) \* Ladybrand 17.8.1915 ~ Ladybrand 12.12.1915 d.v. Gert Cornelis Cronjé en Anna Johanna Sophia Dippenaar.
- d1 Ina **EICKER** \* Durban 4.5.1939 ~ Durban 6.6.1939 x Barberton 12.9.1959 Christiaan Gerhardus **WALKINSHAW** \* Potgietersrus 1.12.1935 (÷ Julie 1965) s.v. Christian Gerhardus Walkinshaw en Rachel Anna Maria Venter, xx 31.12.1969 Daniël Johannes Dertens Willem Maartin **DU TOIT** \* Zeerust 9.5.1932 s.v. Johannes en Rachel Engela Gertruida du Toit.  
e1 Christiaan Gerhardus **WALKINSHAW** \* Lydenburg 25.12.1961.  
e2 Elsie Elizabeth **WALKINSHAW** \* Lydenburg 8.3.1963.  
e3 Pieter Jacobus **WALKINSHAW** \* Pietersburg 26.11.1964.
- d2 Leon **EICKER** \* Pietermaritzburg 26.2.1943 ~ Pietermaritzburg 16.4.1943 x Orange Grove 11.7.1974 Lorraine Francis **HURTER** \* Johannesburg 12.7.1945 (÷ 1.9.1982) d.v. Daniel Johannes Hurter en Miem Liesbet Walters, xx 23.4.1983 Johanna Olive **BAYES** (*Ollie*) d.v. George en Christiaan (vroulik) Bayes.  
e1 André **EICKER** \* Springs 3.4.1965.  
e2 Sonia **EICKER** \* Blyvooruitsig 21.8.1966.
- d3 Rosa **EICKER** \* Mahlabatini 21.11.1945 x Pietermaritzburg 26.11.1966 Johannes Machiel **VAN SCHALKWYK** (*Johan*) s.v. Louis Jeremia Cornelius van Schalkwyk en Maria de Kock (*Miem*).  
e1 Deon **VAN SCHALKWYK** \* Alberton 9.1.1969.  
e2 Neruis **VAN SCHALKWYK** \* Sabie 10.10.1971.  
e3 Lianka **VAN SCHALKWYK** \* Nelspruit 8.3.1989.
- c3 Jan Cornelius Jakobus **EICKER** (*Neels*) \* Dundee 18.11.1925 ~ Newcastle 2.3.1926 † 2.9.2001 Ω Dundee x Dundee 14.8.1948 Aletta Magdalena Johanna **DANNHAUSER** (*Lettie*) \* Dundee 24.7.1927 ~ Dundee 10.12.1927 d.v. Renier Dannhauser en Magdalena Elizabeth Bothma. Neels was 'n boer en 'n mynwerker.
- d1 Jan Cornelius Jakobus **EICKER** (*Neels*) \* Dundee 22.11.1949 x Potchefstroom 1.12.1979 Tryna **VAN ROOYEN** \* Potchefstroom 19.6.1958. Neels is 'n rekenaarprogrameerder en stelselontleder en Tryna 'n onderwyseres.  
e1 Neline **EICKER** \* Pretoria 20.8.1982.  
e2 Cornelius Jakobus **EICKER** (*Jaco*) \* Pretoria 7.7.1986.
- d2 Renier **EICKER** \* 16.10.1951 x Reitz 2.10.1976 Johanna Dorothea Susanna **SCHWARTZ** (÷ 2.5.1983), xx Dundee, Linda \_\_\_\_\_ \* \_\_\_\_\_

- d3 Lenard Cornelius **EICKER** \* Dundee 23.5.1956 x Burgersdorp 10.12.1977  
Magdalena Gezina **SMIT** (*Lenie*) \* Burgersdorp 1.11.1957 d.v. Jacobus Petrus  
Johannes Smit en Catherina Hermina \_\_\_\_\_. Lenard is 'n rekenmeester en  
ouditeursklerk.  
e1 Rohan Cornelius **EICKER** \* Pretoria 5.9.1983. (Δ)  
e2 \_\_\_\_\_ **EICKER** \* \_\_\_\_\_ (Δ)
- b2 Carl **EICKER** \* 1.12.1892 † 18.1.1893.
- b3 Carl Albert **EICKER** (*Carl*) \* Dundeedistrik 15.3.1894 ~ Ladysmith 29.4.1894 † Dundee  
30.12.1984 Ω Vryheid x Newcastle 30.3.1920 Johanna Maria J. **VAN DER WESTHUYZEN**  
(*Hannie*) \* Babanangodistrik 31.10.1886 † Vryheid 11.8.1964 Ω Vryheid d.v. Johannes  
Petrus van der Westhuyzen en Martha Meyer, xx 4.7.1970 Isabella Margaretha **GROVÉ**  
(*Issie*). Issie was die weduwe van Carl se broer Robert. Geen kinders. Carl was 'n boer op  
Koppie-Alleen by Kingsley naby Dundee.
- b4 Albert **EICKER** \* Angora Hill, Dannhauser 23.7.1896 ~ Newcastle 11.10.1896 † Newcastle  
6.11.1969 Ω Angora Hill x Dundee 21.10.1930 Elsie Susanna **JANSEN VAN RENSBURG**  
(*Elsie*) \* 7.6.1908 † Newcastle 18.10.1989 Ω Angora Hill d.v. Nicholaas Jansen van  
Rensburg en Susanna Maria Davel.  
c1 Albert **EICKER** \* Milnedale, Dannhauser 25.2.1937 x Edenvale 11.1.1969 Dawn  
Winsome **THACKER** (*Dawn*) \* 27.4.1944 d.v. Edwin Thomas Thacker en Esme  
Audrey Saunders. Albert was Administratiewe en Finansiële Direkteur van Total Suid-  
Afrika. Dawn is 'n rekenaarprogrameerder.  
d1 Karen Maria **EICKER** (*Karen*) \* Johannesburg 19.7.1970.  
d2 Claudia Dawn **EICKER** (*Claudia*) \* Johannesburg 22.2.1973.
- c2 Susanna Maria **EICKER** (*Susan*) \* Milnedale, Dannhauser 4.1.1939 x Pietermaritzburg  
8.12.1973 Robert **PAGE** † 25.8.1978 s.v. Louis George Page (gebore in Ierland) en  
Elizabeth Susanna Viljoen. Susan was 'n onderwyseres. Robert was 'n onderwyser en  
lektor in Afrikaans-Nederlands by die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg.
- c3 Gezina Johanna **EICKER** (*Gina*) \* Newcastle 25.2.1947 † Newcastle 8.11.1989  
Ω Angora Hill. Ongetroud. Teatersuster. Opsteller van hierdie Eicker-familieregister.
- b5 Johnna Christina **EICKER** (*Hannetjie*) \* Angora Hill, Dannhauser 20.9.1898 ~ Ermelokerkie,  
Dundee 18.12.1898 † 2.8.1988 Ω Dundee x Newcastle 30.12.1919 Johannes Abraham  
**KEMP** (*Jannie*) \* Winburg 29.3.1891 ~ Groot Klipkerk, Winburg Mei 1891 † Dundee  
21.7.1934 Ω Dundee (2 kinders) s.v. Jacobus Frederick Kemp en Agatha Jacomina Landman  
(dogter van die Voortrekkerleier Carl Landman) xx Johannes Cornelius **NEL** (*Hansie*)  
\* Greytowndistrik 20.4.1881 † Greytown 9.3.1963 (1 seun) s.v. Theunis Jacobus Nel en  
Anna Susanna Sophia Jacoba Snyman. Jannie was voorheen getroud met Gertruida  
Johanna Uys d.v. Dirk Uys (geen kinders).  
c1 Jacobus Frederik **KEMP** (*Koos*) \* Bedrog, Dundee 14.9.1921 ~ Judithkerk, Dundee  
11.12.1921 † Newcastle 25.6.2005 Ω Vryheid x Vryheid 6.3.1948 Maria Johanna  
**BESTER** (*Maireen*) \* Vryheid 4.9.1927 d.v. Adriaan Willem Petrus Bester en Hendrik  
Daniël Sassenberg (vroulik).  
d1 Johannes Abraham **KEMP** (*Jannie*) \* Vryheid 30.8.1950 † Vliegtuigongeluk naby  
Pietermaritzburg 12.9.2012 x Umtali, Suid-Rhodesië 13.7.1974 Herculina Johanna  
**HOFFMAN** (*Ulene*) \* Umtali 7.10.1951 ~ Rusape, Rhodesië 16.12.1951 d.v.  
Matthys Du Toit Hoffman en Engela Helena Kok.  
e1 Engela Helena **KEMP** (*Helena*) \* Pietermaritzburg 27.8.1976.  
e2 Maria Johanna **KEMP** (*Maireen*) \* Pietermaritzburg 4.6.1978.  
e3 Herculina Johanna **KEMP** (*Hannelie*) \* Pietermaritzburg 19.1.1982.  
e4 Louisa Petronella **KEMP** (*Louisa*) \* Pietermaritzburg \_\_\_\_\_.  
d2 Hendrik Daniël **KEMP** (*Riëtte*) ('n dogter) \* Vryheid 5.2.1952 x Vryheid 2.10.1982  
George Sebastiaan **HUGO** (÷).
- c2 Gezina Johanna **KEMP** (*Gina*) \* Mooifontein, Dundee 28.1.1932 x Hermannsburg  
25.6.1953 Otto Wilhelm Carl **ORTMANN** (*Otto*) \* New Hanover 25.6.1921 ~ New  
Hanover 3.7.1921 † Oktober 1991 s.v. Ernst Friedrich Carl Ortmann en Maria Louisa  
Leni Redinger.

- d1 Irmfriede **ORTMANN** \* Greytown 4.5.1954 x Greytown 10.10.1978 Theo **MEIER** \* Beira, Mosambiek 14.6.1957 s.v. Otto Max Walter Meier en Marianne Emilie Hedwig Buck. Irmfriede is 'n sekretaresse. Theo is 'n verkoopsman by M.A.S. Dalton.  
e1 Edmund Theodore **MEIER** (*Edmund*) \* Greytown 17.10.1981.
- d2 Lynette **ORTMANN** \* Greytown 3.7.1957 x Greytown 6.12.1980 Rudolph Heinrich **STEGEN** (*Rudolph*) \* Greytown 6.6.1956 ~ Lilienthal 5.7.1956 s.v. Ernst Emil Johannes Stegen en Francina Labuschagne. Rudolph is 'n dosent by die Tegniëse Kollege Edenvale, Pietermaritzburg.  
e1 Michelle \* Eshowe 25.7.1983.  
e2 Renée (vroulik) \* Pietermaritzburg 30.11.1985.
- d3 Ernst Friedrich Carl **ORTMANN** (*Friedel*) \* Greytown 8.1.1960.
- d4 Hanneli **ORTMANN** \* Greytown 8.9.1963.
- d5 Otto Wilhelm Carl **ORTMANN** (*Carl*) \* Greytown 4.2.1968.
- c3 Johanna Christina **NEL** (*Hantie*) \* Greytown 12.9.1941 x Greytown 18.12.1965 Eric **DE BEER** \* Port Elizabeth 7.4.1941 s.v. Albert Frederick de Beer en Hester Hurter. Eric was 'n streeklanddros en Hantie 'n onderwyseres.  
d1 Zelda **DE BEER** \* Pietersburg 1.3.1967.  
d2 Albert **DE BEER** \* Pietersburg 21.7.1968.  
d3 Eric **DE BEER** \* Pietersburg 29.6.1972.
- b6 Carolina **EICKER** \* Angora Hill, Dannhauser 26.1.1901 ~ Newcastle 21.4.1901 † Windhoek 16.11.1970 x Newcastle 2.11.1926 Cecil Eugene Frances **HAVEMANN** (*Cecil*) \* Greytown 30.5.1892 † George 24.11.1981 s.v. Carl Wilhelm Havemann en Cornelia Aletta \_\_\_\_\_.  
c1 Albert Eicker Carl **HAVEMANN** (*Eicker*) \* Angora Hill, Dannhauser 26.9.1928 ~ Greytown 29.1.1929 † Middelburg, Transvaal 1.1.2005 Ω Middelburg x Outjo, Suidwes-Afrika 20.12.1952 Lorna Adie **TOERIEN** \* Malvern, Johannesburg 19.4.1934 d.v. Izak Johannes Toerien en Anne Elizabeth Hartman.  
d1 Barbara-Gene **HAVEMANN** \* Outjo, Suidwes-Afrika 28.12.1956 x Pretoria 20.12.1979 Frits **KROON** \* 14.7.1954.  
e1 Werner Fritz **KROON** (*Werner*) \* 13.1.1977.  
e2 Frits **KROON** \* 15.11.1979.  
e3 Eicker **KROON** \* Pretoria 7.9.1983.
- d2 Zita Olga **HAVEMANN** (*Zita*) \* Swakopmund, Suidwes-Afrika 18.5.1958 x Silverton, Pretoria 20.5.1979 Johannes Jacobus **PETZER** \* 12.8.1955.  
e1 Chantel Lorna **PETZER** \* 12.8.1980.  
e2 Andel **PETZER** \* 15.11.1982.
- d3 Lucille-Adie **HAVEMANN** (*Lucille*) \* Nelspruit 28.3.1961 x Pretoria 28.5.1983 Willem Andries **BAM** (*Andil*) \* 12.2.1958 s.v. Willem Johannes Bam en Mercedes van der Merwe. Lucille is 'n verpleegsuster.  
e1 Willem Johannes **BAM** \* Pretoria 31.10.1983.  
e2 Lorna **BAM** \* 2.11.1984.
- d4 Hugo Carl **HAVEMANN** \* Nelspruit 30.8.1962.
- c2 Corletta **HAVEMANN** \* Umzigi, Greytown 3.1.1930 x Swakopmund, Suidwes-Afrika 4.11.1947 Jopie Jacobus Maritz **PIENAAR** (*Maritz*) \* Vredeforddistrik 20.6.1915 s.v. Andries Johannes Pienaar en Helena Dorothea van Niekerk.  
d1 Christiaan Rudolph **PIENAAR** (*Rudie*) \* Otjiwarongo, Suidwes-Afrika 15.11.1948 ~ Osona Apr 1965 x Tsumeb 3.6.1970 Magdalena **WILLIAMSON** (*Magda*) \* Bloemfontein 29.8.1950 ~ Bloemfontein 24.12.1967 (±) d.v. Edwin Samuel Williamson en Johanna Maria Aletta van Rensburg. Rudie is 'n ingenieursontwerper.  
e1 Quinten Rudie **PIENAAR** \* Welkom 25.11.1981.  
e2 Lizette **PIENAAR** \* Welkom 9.11.1983.
- d2 Loretta **PIENAAR** (*Lollie*) \* Otjiwarongo, Suidwes-Afrika 19.7.1951. Sy was een van prof. Chris Barnard se eerste opehart-pasiënte.

- d3 Leonie **PIENAAR** \* Omaruru, Suidwes-Afrika 19.10.1961 x George 9.1.1981  
Wouter Waldus **MEINTJES** \* 8.10.1956 s.v. Abraham Carl Meintjes en Gertruida  
Johanna Nothnagel.
- d4 Jopie Jacobus Maritz **PIENAAR** \* Okahandja, Suidwes-Afrika 13.4.1963.
- d5 Adriaan Gideon **PIENAAR** \* Otjiwarongo, Suidwes-Afrika 3.11.1964.
- c3 Linde **HAVEMANN** ('n dogter) \* Umzigi, Greytown 8.7.1931 x Outjo 8.7.1955 Jan Izak  
**DE VILLIERS** (*Jan Bal*) \* Leonardville 25.2.1927 s.v. Jan Izak Tobias de Villiers en  
Johanna Hendriena van der Westhuizen.
- d1 Jan Izak Tobias **DE VILLIERS** (*Jannie*) \* Walvisbaai 20.8.1956 † Pretoria  
14.7.1982 x Kaapstad 17.9.1977 Jeanette Elaine **BEAZLEY** \* Oos-Londen  
20.3.1957. Jannie was 'n lugmagvlieënier toe hy in 'n vliegongeluk in Pretoria  
oorlede is. Jeanette is na Jannie se dood getroud met Owen Louis Newton.  
e1 Michelle Irene **DE VILLIERS** \* Kaapstad 15.3.1979.  
e2 Elaine Linde **DE VILLIERS** \* Pretoria 2.9.1981.
- d2 Cecil Jacobus **DE VILLIERS** (*Cecil*) \* Outjo, Suidwes-Afrika 11.9.1958  
x Windhoek, Suidwes-Afrika 18.2.1982 Daleen \_\_\_\_\_ \* \_\_\_\_\_
- d3 Albert Eicker **DE VILLIERS** (*Albert*) \* Omaruru, Suidwes-Afrika 7.5.1961  
x Windhoek, Suidwes-Afrika 1.4.1980 Ann **ZAHRA** \* 18.10.1960 d.v. Francis  
Zahra en Celta Falzon. Hulle woon op die eiland Malta.  
e1 Theoni **DE VILLIERS** \* 16.3.1982.  
e2 Melissa **DE VILLIERS** \* 2.3.1986.
- d4 Hendik Lourens **DE VILLIERS** (*Hendrik*) \* Keetmanshoop, Suidwes-Afrika  
25.9.1966.
- d5 Robert Christiaan **DE VILLIERS** (*Robert*) \* Keetmanshoop, Suidwes-Afrika  
29.9.1968.
- d6 Linde **DE VILLIERS** (*Lindie*) ('n dogter) \* Gobabis, Suidwes-Afrika 6.6.1971.
- c4 Eugene **HAVEMANN** (*Gene*) \* Greytown 26.12.1933 x Outjo, Suidwes-Afrika 6.9.1956  
Henry Clifford de Meillon **LEWIS** (*Clif*) \* Bloemfontein 26.6.1933 s.v. Albert Charles  
Lewis en Gezina Cornelia de Meillon. Gene was 'n assistent-rekenmeester en Clif 'n  
fotograaf van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste.  
d1 Charles Ettienne **LEWIS** (*Charles*) \* Pretoria 1.1.1958.  
d2 Colleen Desiré **LEWIS** (*Colleen*) \* Pretoria 6.8.1963.
- c5 Rona **HAVEMANN** \* Greytown 1.11.1935 x Outjo, Suidwes-Afrika 28.5.1955 Meynderd  
Jacobus **BLOM** \* Outjo, Suidwes-Afrika 1.3.1933 s.v. Barend Johannes Blom en Ella  
Sophia van der Westhuizen. Meynderd was 'n Senior Werke-Superintendent by \_\_\_\_\_.  
Hulle het lank in die Etosha-wildtuin gewoon.  
d1 Meynderd **BLOM** \* Otjiwarongo, Suidwes-Afrika 7.10.1956.  
d2 Anita **BLOM** \* Outjo, Suidwes-Afrika 6.1.1958 x Ottosdal 13.1.1979 Johannes  
Jacobus **FOUCHÉ** (*Johan*) \* Wolmaransstad 24.7.1956 ~ Ottosdal 6.11.1956 s.v.  
Gerhardus Dirk Fouché (Gert) en Hermiena Elizabeth Kriel (*Miems*).  
e1 Gerhardus Dirk **FOUCHÉ** (*Gerhard*) \* Pretoria 7.12.1980.  
e2 Rona **FOUCHÉ** \* Pretoria 12.5.1982.
- d3 Carolina **BLOM** (*Carlien*) \* Omaruru, Suidwes-Afrika 12.5.1961 x Pretoria  
27.8.1983 Hendrik Albertus Gerhardus **PEENS** \* Pretoria 8.12.1960 s.v.  
Johannes Frederik Adriaan Peens en Antoinette Petronella Beukes (*Tokkie*).  
Hendrik is 'n Beskermingsbeampste by \_\_\_\_\_ en Carlien 'n sekretaresse.  
e1 Johannes Frederik Adriaan **PEENS** \* Pretoria 7.1.1984.  
e2 Meynderd Jacobus **PEENS** \* Pretoria 6.5.1987.
- d4 Linde **BLOM** ('n dogter) \* Walvisbaai 29.1.1969.
- c6 Cecil Eugene Francis **HAVEMANN** (*Cecil*) \* Greytown 17.3.1938 x Haarlemmermeer,  
Nederland 20.6.1967 Marjan **Ouwekerk** \* Haarlemmermeer 10.3.1943 d.v. Pieter  
Ouwekerk en Aaltje Groen van Holland. Cecil is 'n meganiese ingenieur.  
d1 Ilse Mildred **HAVEMANN** \* Pretoria 23.1.1969.  
d2 Carla Inge **HAVEMANN** \* Pretoria 13.8.1970.

- c7 Robert Friedrich **HAVEMANN** (*Robbie*) \* Greytown 15.1.1940 x Witrivier 29.12.1962 Elizabeth Gertruida **WESTBROOK** (*Mary*) \* Witrivier 8.7.1944 d.v. Richard Charles Westbrook en Louise Snyman. Robert is 'n prokureur.
- d1 Ingrid **HAVEMANN** \* Durban 23.9.1964.
  - d2 Robert **HAVEMANN** \* Durban 18.6.1966.
  - d3 Karen **HAVEMANN** \* Durban 24.5.1969.
  - d4 Lorna **HAVEMANN** \* Durban 23.6.1971.
- b7 Barend Stephanus **EICKER** (*Ben*) \* Angora Hill, Dannhauser 31.7.1903 ~ Newcastle 9.11.1903 † Ermelo 4.2.1992 x Durban 3.7.1930 Anna Magdalena **VAN NIEKERK** (*Anna*) \* Waaihoek, Sheepmoor 23.9.1910 † Waaihoek, Sheepmoor 10.3.1962 (5 kinders) d.v. Cornelius Willem Christoffel van Niekerk en Christina Wilhelmina Cronjé, xx Standerton 28.11.1964 Henriëtta Marié **WEISS** (*Rita*) (geb. **DIAMANT**), geen kinders. Hy was 'n boer op Waaihoek by Sheepmoor.<sup>7</sup>
- c1 Christina Wilhelmina **EICKER** \* Waaihoek, Sheepmoor 25.8.1931 † Waaihoek Sheepmoor 9.7.1932.
  - c2 Albert **EICKER** \* Waaihoek, Sheepmoor 1.8.1932 ~ Amsterdam † 20.12.2001 Ω Bronkhorstspuit x Pretoria 30.6.1955 Heilda Magdalena **PRINSLOO** (*Hilda*) \* Spitskop, Balmoral 28.11.1922 ~ Witbank 25.12.1922 † 19.7.1999 Ω Bronkhorstspuit d.v. Frederik George Prinsloo en Heila Magdalena Booyse. Hilda was voorheen getroud met Hendrik Rademeyer. Albert was 'n opleidingsbeampte van die Lebowa-tuislandregering.
    - d1 Albert **EICKER** \* Pretoria 28.2.1952 ~ Pretoria, Mei 1959 x Pietersburg 27.11.1982 Dorothea Maria **BRIEL** (*Thea*) \* Pietersburg 8.8.1960 ~ Pietersburg, Oktober 1960 d.v. Hans en Dorie Briel. Albert is 'n lugvaartmonteur en Thea 'n privaat sekretaresse.
      - e1 Albert **EICKER** \* Pretoria 3.5.1985.
      - e2 Themari **EICKER** \* Pretoria 20.8.1987.
    - d2 Barend Stephanus **EICKER** (*Barnie*) \* Taung 13.9.1957 ~ Amsterdam x Ellisras 1.5.1981 Anette Amentia **SWART** (*Anette*) \* Pietersburg 13.1.1958 d.v. Christoffel Phillipus Swart en Christina Louise van Eck. Barnie was 'n radarsoldaat en Anette 'n onderwyseres.
      - e1 Sumi **EICKER** \* Pretoria 3.1.1984.
      - e2 \_\_\_\_\_ **EICKER** \* Pretoria \_\_\_\_\_.
  - c3 Cornelius Willem Christoffel **EICKER** (*Neels*) \* Waaihoek, Sheepmoor 22.3.1936 x Warner Beach 8.7.1960 Una Myra **KILIAN** (*Una*) \* Muden, Weenen 8.7.1940 d.v. Albertus Joubert Kilian en Aletta Cornelia Dicks.
    - d1 Steven **EICKER** \* Harding 9.12.1961.
    - d2 Linda **EICKER** \* Harding 17.11.1962.
    - d3 Francois **EICKER** \* Harding 25.4.1965.
    - d4 Christo **EICKER** \* Watervalboven 17.12.1968.
  - c4 Barend Stephanus **EICKER** (*Ben*) \* Waaihoek, Sheepmoor 2.3.1941 x Goodwood 19.12.1964 Myrtle **CHAMBERLAIN** \* Oudtshoorn 25.9.1943 d.v. Christian Chamberlain. Ben was 'n magasynmeester.
    - d1 Barend Stephanus **EICKER** \* Tzaneen 20.4.1968.
    - d2 Anton **EICKER** \* Tzaneen 8.5.1969.
    - d3 Christiaan **EICKER** \* Witbank 11.10.1972.
  - c5 Carl **EICKER** \* Ermelo 1.10.1950 x Pretoria 18.12.1972 Susanna Helena Johanna **BENADE** (*Susan*) \* Pretoria 26.11.1951 d.v. Jacob Jacobus Benade en Johanna Sylvia Barnard. Carl was 'n lektor by die Tegiese Kollege Verwoerdburg.
    - d1 Zelda **EICKER** \* Pretoria 26.2.1975.
    - d2 Sylvia **EICKER** \* Pretoria 11.3.1977.
    - d3 Carl **EICKER** \* Pretoria 14.4.1982 † 24.5.1982.
    - d4 Carl **EICKER** \* Pretoria 12.4.1988.

<sup>7</sup> Langenhoven, J.H., 1988, bl. 47-48 verstrek ook inligting oor hulle nageslag.

- b8 Gezina Johanna **EICKER** \* Angora Hill, Dannhauser 5.11.1904 ~ Newcastle 2.4.1905  
x Newcastle 26.2.1929 Petrus Jacobus **SWART** (*Piet*) \* Harrismith 17.12.1896 † Harrismith  
28.3.1961 s.v. Barend Jacobus Swart en Hester Petronella Oosthuizen.
- c1 Gesina Johanna **SWART** (*Ina*) \* Harrismith 8.8.1931 ~ Harrismith 6.12.1931  
x Harrismith 22.3.1958 Willen Jacobus **OLIVIER** (*Willie*) \* Memel 18.12.1920 ~ Memel  
~ 2.2.1921 s.v. Michiel Christoffel Olivier en Susara Josina Potgieter. Willie was 'n boer  
en later 'n operateur by Evkom.  
d1 Michiel Christoffel **OLIVIER** (*Mike*) \* Vrede 1.8.1959.  
d2 Petrus Jacobus **OLIVIER** (*Piet*) \* Newcastle 5.10.1964.
- c2 Barend Jacobus **SWART** (*Barry*) \* Harrismith 13.7.1939 ~ Harrismith 5.11.1939  
x Ladysmith 3.10.1970 Irene **KOSTER** \* Ladysmith 2.5.1949 ~ Ladysmith 12.10.1949  
d.v. Johannes Andries Koster en Jacoba Helena le Grange. Barend was 'n Senior  
Operateur by die Ingagane-kragstasie naby Newcastle en Irene 'n onderwysers.  
d1 Cobus **SWART** \* Newcastle 16.10.1971.  
d2 Aneleh **SWART** \* Newcastle 22.1.1974.  
d3 Handre **SWART** \* Newcastle 6.4.1978.
- b9 Robert **EICKER** \* Angora Hill, Dannhauser 13.6.1906 ~ Newcastle 16.10.1906 † Dundee  
7.10.1969 Ω Glencoe x 5.7.1932 Isabella Margaretha **GROVÉ** \* 21.3.1908<sup>8</sup> ~ 6.12.1908  
† Durban 8.7.1986 Ω Glencoe d.v. Jacobus Petrus Grové (*Koos*) \* 14.4.1870 en Isabella  
Margaretha Meyer. Robert was 'n boer en skrynwerker. Isabella is in 1970 weer getroud met  
Carl Albert Eicker, 'n ouer broer van Robert.<sup>9</sup>
- c1 Albert **EICKER** \* Dannhauser 16.9.1935 x Utrecht 24.6.1961 Catharina Dorothea  
**STRYDOM** (*Kitty*) \* Bloemfontein 3.7.1932 d.v. Jasper Francois Strydom en Martha  
Susanna Isabella Wessels. Albert behaal die grade BSc (1957) (*cum laude*), HonsBSc  
(1958), MSc (Plantkunde) (1960) en DSc (Plantkunde en Swamkunde) (1968) aan die  
PU vir CHO. Nadat hy by die Universiteit van die Oranje-Vrystaat en ook Zoeloeland  
gewerk het, gaan hy na Pretoria waar hy as professor in 1986 hoof van die Departement  
Plantkunde word en in 2000 aftree. Hy kry talle prestigeryke toekennings vir sy  
navorsing op swamme en dien op talle professionele liggame in sy vakgebied.<sup>10</sup>  
d1 Robert Jasper **EICKER** (*Robbie*) \* Empangeni 28.5.1962.  
d2 Marisa **EICKER** \* Pretoria 15.5.1969.
- b10 Jacobus Stephanus<sup>11</sup> **EICKER** (*Kobus*) \* Angora Hill, Dannhauser 1.5.1908 ~ Newcastle  
30.8.1908 † Vryheid 20.10.1990 Ω Vryheid x Vryheid 22.3.1932 Judith Magdalena  
**ADENDORFF** (*Lenie*) \* Dannhauserdistrik 11.3.1909 ~ Newcastle 11.4.1909 † 17.11.1995  
Ω Vryheid d.v. Willem Daniël Adendorff en Louisa Petronella van Niekerk.<sup>12</sup>
- c1 Willem Daniël **EICKER** (*Danie*) \* Langverwacht, Vryheid 13.11.1933 ~ Vryheid  
21.1.1934 x Newcastle 25.3.1961 Louisa Laffnie **DANNHAUSER** \* 5.5.1938 d.v.  
Abraham Gerhardus Dannhauser (*Apie*) en Mattheusina Hendrika van Rooyen (*Tewie*).  
Danie het vir die Pionier-saadmaatskappy geboer en Louisa was 'n onderwysers.  
d1 Marita **EICKER** \* Newcastle 20.7.1962 x Etienne **KRUGER** \* 19.11.1960 (÷)  
xx Willem Marthinus **JONCK** (*Wimpie*).  
d2 Leana **EICKER** \* Newcastle 1.4.1964.  
d3 Louise **EICKER** \* Newcastle 29.6.1965.  
d4 Erika **EICKER** \* Greytown 19.9.1968.  
d5 Jacobus Stephanus **EICKER** (*Kobus*) \* Greytown 13.12.1974.
- c2 Albert **EICKER** \* Wag-'n-bietjieshoek, Vryheid 17.4.1939 x Vryheid 8.8.1964 Joan  
Elizabeth **FOWLES** \* Durban 16.8.1945 d.v. Alan Vruient Fowles en Helena Anna  
Williams. Albert is 'n motorwerktuigkundige.  
d1 Melenie **EICKER** \* Vryheid 10.3.1965.  
d2 Jacobus Stephanus **EICKER** (*Steven*) \* Vryheid 6.4.1967.

<sup>8</sup> Volgens die grafsteenfoto by [www.eggsa.org](http://www.eggsa.org) is haar geboortedatum 21.3.1908 en nie 21.8.1908 nie.

<sup>9</sup> Grové, F.A. 1983, bl. 90 het inligting oor die Grovés.

<sup>10</sup> [http://web.up.ac.za/sitefiles/File/5035/commemorative\\_booklet\\_web.pdf](http://web.up.ac.za/sitefiles/File/5035/commemorative_booklet_web.pdf) bevat 'n boekie oor oud-professore aan die Universiteit Pretoria, 2008, bl. 65.

<sup>11</sup> Cilliers, B., 1985, bl. 172 spel sy naam Stefanus.

<sup>12</sup> Langenhoven, J.H., 1988, bl. 100 verstrek ook inligting oor hulle nageslag.

- c3 Jacobus Stephanus **EICKER** (*Koos*) \* Vryheiddistrik 30.7.1944 x Greytown 6.10.1973  
Hester Frederika **NEL** (*Hettie*) \* Greytown 30.4.1950 ~ Greytown 30.7.1950 d.v.  
Johannes Cornelius Nel en Hester Petronella Fredericka Nel. Koos boer en Hettie is 'n  
onderwyseres.  
d1 Nelfrie **EICKER** \* Vryheid 31.10.1976.  
d2 Jacobus Stephanus **EICKER** (*Kobus*) \* Vryheid 9.1.1980.
- b11 Frederich **EICKER** (*Frikkie*) \* Angora Hill, Dannhauser 4.9.1910 † Dundee 23.2.1984 Ω  
Angora Hill x Glencoe 21.12.1948 Christina Gertruida **VERMAAK** (*Tina*) \* Helpmekaar,  
Dundee 27.5.1914 d.v. Theodorus Cornelius Vermaak en Cecilia Frederika Strydom. Tina  
was voorheen (13.6.1933) getroud met Cornelius Petrus Johannes Smit (*Smittie*) † 8.10.1947  
by wie sy een seun gehad het, naamlik Jan Gabriël Smit (John) \* 27.12.1937 x Ida  
Saayman wat twee kinders het. Frikkie was 'n boer op Angora Hill, Dannhauser.
- c1 Frederich **EICKER** (*Freek*) \* Newcastle 26.8.1953 x Dannhauser 11.12.1976 Shirley  
**HUMAN** \* Dundee 23.10.1954. Freek boer op die familieplaas Angora Hill en Shirley  
is 'n onderwyseres.  
d1 Friederich Coenraad **EICKER** (*Derich*) \* Newcastle 30.7.1978.  
d2 Thea **EICKER** \* Newcastle 3.5.1980.  
d3 Lezil **EICKER** \* Newcastle 24.3.1983.



Berig uit die *Newcastle Advertiser* 3 Feb. 1984 oor die familiesaamtrek van Des. 1983.

Newcastle Advertiser 3.2.84

# MENSE EN HULLE DINGE

Saamgestel deur Dorina Koen  
This column appears in English next week

## 'N FAMILIE-FEES SOOS MIN



Die oorspronklike woonhuis wat deur oupa Albert Eicker in 1895 op die plaas Angora Hill gebou is. Hierdie huis, 'n nuwe woonhuis en die hele werf was ingerig om die Eicker-familie tydens hulle fees te huisves.



(regs) Wyle Oupa Albert se ses oorlewende kinders. (agter) Oom Frik Eicker (73), Tant Gezina Swart (79) en oom Kobus Eicker (75). (voor) Oom Carl Eicker (89), tant Hannetjie Nel (85) en oom Ben Eicker (80)

'n Heerlike tradisie in die Eicker-familie het die afgelope Kersfees van 22 tot 26 Desember herlewe. Na 18 jaar is daar weer familiefees gehou soos net 'n groep uitbundige mense van Duitse herkoms dit kan doen.



Dié keer het tant Tina en oom Frik Eicker hulle seun en skoondogter Freek en Shirley, twee huise op die familieplaas Angora Hill, ses kilometer buite Dannhauser, tot almal se beskikking gestel. Twee weermagtente is opgeslaan, nege woonwaens het staanplek onder die bome gekry en twee skure is as Aardetjie, maar dit het gereën, né! Hoe kry ons die 'ramkamp' se beddegoed droog? Wonder Tina Eicker, Maureen Kemp en Hettie Eicker

(vervolg op volgende bladsy)

gekry en twee skure is as eetsaal en sitkamer ingerig om die 131 familieledede wat daar saamgetrek het te akkommodeer.

Die oorspronklike opstal is in 1895 gebou deur oupa Albert Eicker, 'n Duitse burger van Halver wat in 1880 na Suid-Afrika geïmmigreer het. Hy is in 1890 getroud met Gezina van der Linde en die egpaar het elf kinders grootgemaak. Ses lewe nog en het almal die groot geleentheid bygewoon. Carl (89) is die oudste van hulle en Frikkie (73) die jongste. Oupa Albert sou in sy noppies gewees het as hy kon weet dat hy tans 196 nasate het. Die jongstes is twee babas van drie maande oud wat ook saam met Pa en Ma by die fees opgedaag het.

Familie het van heinde en ver na Angora Hill gekom. Een, tant Hanneltjie (85) van Port Elizabeth, nog een 'n agterkleinkind Renier van Paarl en 'n kleinseun Albert van Pietersburg was daar.

Neef Eicker Havemann en neef Neels 'Solmar' het twee weke voor die gedenkwaardige fees op die plaas aangekom om eiehandig die nodige stort en toiletgeriewe op te rig.

Aan onderwysers ontbreek dit in die Eicker-familie beslis nie. Hierdie feestyd was daar sowaar twintig van hulle. Verpleegsters is ook goed verteenwoordig, die Eickers

het vier. Die ou opstal het dié naweek bekend gestaan as die 'ouetehuis' omdat al die jonges van gees, maar nie van liggaam, daar tuis was. Freek en Shirley Eicker se nuwe huis op die plaas kon gerus na die 'moedersbond' herdoop word. Al die moeders met babas en jong kinders was daar bymekaar.

Vrydagaand is skape op die spit gebraaï en toe kom die groot reën voor die vleis gaar is! Meer as vyftig millimeter het uitgesak. Raai wie moes bontspring om die span Eickers se vleis gaar te kry? Die laastes het halfelf se stryk eers geëet en moeë vrouens kon hul modderskoene uitskop.

Die nefies in die een tent, alombekend as die 'rampkamp' het heeltemal uitgereën en, aangesien almal tog familie is, het hulle die niggies se tent betrek. Onnodig om te sê die klomp het geginnegaap tot dagbreek.

Daar is jukskei gespeel en die oueres het die moderne jeug touwys gemaak in kennetjies en eg outydse blikaspaai. Die sportveld was welliswaar Saterdag onder water, maar wat feesvier is die Eickers. 'n Kaas-en-wyn ete is daardie aand aangebied. Sondagoggend het verloop soos dit op Kersdag hoort. Ds. E. Barnard van Dannhauser het die diens kom lei, waarna verversings en lekker kuier



Die gasheer en gasvrou op wie se plaas daar makietie gehou is. Tant Tienie en oom Frik Eicker

aan die orde van die dag was. En kan so 'n span gesonde mense gesond eet. Nie minder nie as twee beeste, agt skape, eltelange worse en niemand het getel hoeveel hoenders nie, is daardie naweek kafgeloop. Tuisgebakte brode en blikke koekies het per kilogram op die plaas aangekom. Die familie wil liever nie 'n skatting waag oor hoeveel poetoepap gekook is nie. Gelukkig was daar genoeg huishulp byderhand om die kook en skottelgoedwas-drukte te verlig.

Natuurlik was daar naamgenoot neefs wat van mekaar onderskei moes word. Neef Neels Waaihoek het die rol van Kersvader gespeel. Dan is daar nog Neels

'Solmar' en dié se seun Lang Neels. Onder die ses Alberts is daar Albert Haantjie, Albert prof., Albert Wag-'n-bietjieshoek en Albert Waaihoek. Een van die Neefs Robbie Eicker is doofstom maar het sy probleem pragtig te bowe gekom. Hy en 'n maat George - ook doofstom - was die hart en siel van die fees tussen die jongklomp.

Wat die oueres aanbetref het oom Ben die opmerking gemaak dat hulle soos 'n klompie beeste is wat voor die hek staan en stoot. As die hek oopgaan, sê hy, sal 'n hele paar opeens deurbreek. 'n Mens hoop maar dat die hek nie gou sal oopgaan nie en dat hulle almal weer oor twee jaar saam familiefees sal hou.

## **Bronne**

Cilliers, B. 1985. Genealogieë van die Afrikanerfamilies in Natal. Privaat uitgegee.

Eicker, Gina. Gesinsblaaie en ander dokumente en foto's, tans in besit van haar suster Susan Page, Newcastle.

Grové, F.A. (Red.: W.M. Grové) 1983. Grové-geslagsregister.

<http://genealogy.familyeducation.com/surname-origin/eich> (Afgelaai 14.1.2014)

<http://genealogy.familyeducation.com/surname-origin/eicher> (Afgelaai 14.1.2014)

<http://www.eggsa.org/library/main.php?q2> (Afgelaai 16.1.2014) [Dit bevat foto's van grafstene dwarsoor Suid-Afrika]

[http://web.up.ac.za/sitefiles/File/5035/commemorative\\_booklet\\_web.pdf](http://web.up.ac.za/sitefiles/File/5035/commemorative_booklet_web.pdf) *Honouring our Leading Minds 1908 – 2008 Hulde aan ons Denkleiers*. (Afgelaai 14.1.2014)

Koen, Dorina. 1984. 'n Familiefees soos min. *Newcastle Advertiser*, 3 Feb. 1984.

Langenhoven, J.H. 1988. Die Cronjés van die Biggarsberg. Potchefstroom. [Dit bevat veral inligting oor b7. Ben Eicker en sy nageslag en b10. Kobus Eicker en sy nageslag.]

Lasbrief van die Magistraat van Newcastle gedateer 22.5.1901 uitgereik aan Albert Eicker om op 31 Mei 1901 in die landdroshof op Newcastle te verskyn op aanklag van hoogverraad. (Afskrif van Manuskrip in Gina Eicker se dokumentversameling.)

Reisdokument (*Entlassungs-Urkunde AI<sup>b</sup> 246*) van Albert Eicker, gedateer 17 Januarie 1883, uitgereik deur die *Königlich Preussische Regierung*. (Afskrif van Manuskrip in Gina Eicker se dokumentversameling.)

Van der Linde, Antonina. 1975. Van der Linde Genealogy. Getikte manuskrip, bl. 14. (Manuskrip gelewer aan RGN. Waarskynlik nou by GISA)